

**6 Oktober**

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 33  
Fokusgedeelte: 2 Kronieke 33:10-16**

### **Bekering kan te laat kom**

Eergister het ons gesien dat dit nooit te laat is vir ware bekering nie. Vandag sien ons dat bekering in 'n sekere sin te laat kan kom.

Manasse word vir 'n paar sake onthou. As Hiskia se laatlam (miskien ook bedorwe brokkie) word hy reeds op twaalfjarige ouderdom koning en regeer hy die langste van al die Judese konings. Hy is ook die mees goddelose koning. Hy rig selfs in die tempel afgodsbeelde op, offer sy seuns en hou hom besig met demoniese magte. Hy voer 'n skrikbewind. Blykbaar laat hy alle teëstanders vermoor (2 Kon 21:16). Die Here stuur profete om oor die dinge te praat (2 Kron 33:10), maar ons weet nie wie hulle is nie. Moontlik is hulle wreed onderdruk.

Maar Manasse bly 'n kind van Dawid, 'n verbondskind. Die Here bring hom in groot nood kragdadig tot bekering (33:10-13). Manasse kry geleentheid om reg te maak wat hy verbrou het (33:15-17). Tog kan ons sê dat sy bekering te laat was. Sy kind Amon volg sy sondes na (33:22-23). Manasse self is die groot oorsaak van die verwoesting van Jerusalem en die ballingskap (2 Kon 21:10-15). Die Here bly toornig op Juda weens Manasse se gruwelike sondes (2 Kon 23:26, 2 Kronieke 34:25). Die Here se straf was onherroeplik.

Daar is tye dat die Here jou as berouvolle sondaar werklik vergewe, maar ook tye wat die gevolge van jou dade steeds voortgaan. Dawid het byvoorbeeld berou gehad en tog duur die geweld in sy huis voort. Daardeur wys God dat Hy heilig en regverdig is.

Bid God dat jy die gevolge van jou sonde kan hanteer, maar dan as vrygespreekte in Christus. As God ons vergewe het, wie durf ons oordeel (vgl Rom 8:1, 33-34)?

*Sing: Psalm 32:2,3*

*Prof PP Krüger (Teologiese Skool Potchefstroom)*